# KLK LANDBOU BEPERK

**REG.NR. 1997/015589/06**

## ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEëINDIG 31 AUGUSTUS 2010

### OPSTELLINGSGRONDSLAG

Die finansiële state is ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk opgestel. Die rekeningkundige beleid wat gevolg is by die voorbereiding van die tussentydse finansiële state is dieselfde as dit wat gegeld het in die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010.

### KOMMENTAAR

**FINANSIëLE OORSIG**

Die verdienste vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2010 van R5,5m verteenwoordig 'n styging van 10% in vergeleke met die ooreenstemmende periode van die vorige jaar.

Die beter resultate word hoofsaaklik toegeskryf aan laer finansieringskoste, 'n stewige winsbydrae van die motorafdeling, steeds verbeterde resultate van Lewendehawe en die Vleisafdeling asook Build it wat aansienlik beter presteer as die ooreenstemmende periode van die vorige jaar. Daarteenoor kon die Handelsafdeling, Brandstofafdeling, SA Dorper en Carnarvon Abattoir nie op die winsbydrae van die vorige jaar verbeter nie.

Die groepsomset van R576m is R44m hoër as die ooreenstemmende periode van die vorige jaar. Hierdie toename in omset word hoofsaaklik toegeskryf aan brandstofpryse wat gemiddeld 13% hoër is as die ooreenstemmende periode van 2009/10 asook die toevoeging van Postmasburg Build it gedurende Augustus 2009.

Die sterk styging in lamvleispryse (12,2%) asook huide en velle pryse is egter teengewerk deur die laer slag- en veilingsgetalle asook die impak van Slenkdalkoors in veral die Carnarvon gebied.

Die verbeterde bruto winsmarge van 9,85% teenoor die 9,5% van die ooreenstemmende periode van die vorige jaar kan toegeskryf word aan die beter handelsmarges wat deur die Motor-, Vleis- en Build it afdelings behaal is.

Die netto bedryfskapitaal het met R2m toegeneem in vergeleke met Februarie 2010 hoofsaaklik as gevolg van die styging van R7,4m in voorraad en handelsdebiteure wat met R7,3m gedaal het terwyl die netto kontantposisie verbeter het.

Die kontantvloei in vergeleke met Februarie 2010 het met R1,3m verbeter nadat langtermynlenings van R1,9m terugbetaal is en R2,3m t.o.v. beleggingsaktiwiteite spandeer is.

**VOORUITSIGTE**

Die verwagting is dat die stram landbou- en handelstoestande sal voortduur en die risiko ten opsigte van debiteure verder kan verhoog. Die tweede ses maande se resultate sal bepalend wees van die groep se finansiële sukses vir die 2010/2011 finansiële jaar.

**DIVIDENDE**

Geen tussentydse dividend (2009 - nul) word verklaar nie aangesien dit maatskappybeleid is om slegs 'n eenmalige dividend na die afsluiting van die finansiële jaar te oorweeg.

Met volmag van die Direksie op 7 Oktober 2010.

**JS Marais**
Voorsitter

**JPN Stander**
Vise-Voorsitter

**SD van Huyssteen**
Besturende Direkteur

### DIREKTEURE

JS Marais (Voorsitter), JPN Stander (Vise-Voorsitter), SD van Huyssteen (Besturende Direkteur), JM Bredenkamp, ZL Combi, WSB du Toit, JJA Smith, FJ van der Merwe, JA van Zyl.

### GEREGISTREERDE KANTOOR

Adres: Karakoelstraat 14, Upington, 8801
Posadres: Posbus 86, Upington, 8800
Telefoon: 054 - 337 6200
Webwerf: www.klk.co.za

### AANDELEVERHANDELINGSKAMER

Du Toit van den Heever (Geoktrooieerde Rekenmeesters en Ouditeure)
Adres: Schröderstraat 18, Upington, 8801
Posadres: Posbus 204, Upington, 8800
Telefoon: 054 - 332 4585

**KLK LANDBOU BEPERK**
**REG. NR. 1997/015589/06**
**ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2010**

## GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

| | Ongeouditeer 31 Augustus 2010 R'm | Ongeouditeer 31 Augustus 2009 R'm | Geouditeer 28 Februarie 2010 R'm |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | 63.6 | 58.5 | 62.6 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 51.4 | 46.5 | 50.3 |
| Ontasbare bates | 2.6 | 2.6 | 2.6 |
| Belegging in geassosieerde | 9.3 | 9.1 | 9.4 |
| Beleggings gehou vir verkoop | 0.3 | 0.3 | 0.3 |
| **Bedryfsbates** | 139.6 | 139.7 | 137.4 |
| Voorraad | 75.7 | 79.0 | 68.3 |
| Handelsdebiteure | 56.7 | 60.2 | 64.0 |
| Kontant en kontantekwivalente | 7.2 | 0.5 | 5.2 |
| **Totale bates** | 203.2 | 198.2 | 200.0 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| **Aandelekapitaal en reserwes** | 110.9 | 100.4 | 105.4 |
| **Buiteaandeelhouersbelang** | 1.3 | 1.7 | 1.9 |
| **Totale laste** | 91.0 | 96.1 | 92.7 |
| **Nie-bedryfslaste** | 7.6 | 16.1 | 9.5 |
| Aandeelhouerslenings | 3.9 | 4.2 | 4.0 |
| Langtermynlenings | 7.5 | 16.0 | 9.3 |
| Uitgestelde belasting | (3.8) | (4.1) | (3.8) |
| **Bedryfslaste** | 83.4 | 80.0 | 83.2 |
| Handels- en ander krediteure | 70.8 | 65.4 | 71.3 |
| Oortrokke bank | 12.6 | 14.6 | 11.9 |
| **Totale ekwiteit en laste** | 203.2 | 198.2 | 200.0 |

**KLK LANDBOU BEPERK**
**REG. NR. 1997/015589/06**
**ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2010**

## GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

| | Ongeouditeer 31 Augustus 2010 R'm | Ongeouditeer 31 Augustus 2009 R'm | Geouditeer 28 Februarie 2010 R'm |
|---|---|---|---|
| **Omset** | 575.8 | 531.7 | 1,109.3 |
| Handel | 571.4 | 527.3 | 1,102.2 |
| Versekering | - | 0.8 | - |
| Lewende hawe | 4.4 | 3.6 | 7.1 |
| **Voortgaande bedrywighede** | | | |
| Verkope | 575.8 | 531.7 | 1,109.3 |
| Koste van verkope | (519.1) | (481.1) | (1,006.8) |
| Bruto wins | 56.7 | 50.6 | 102.5 |
| Ander inkomste | 7.9 | 6.1 | 13.3 |
| Bedryfsuitgawes | (58.9) | (50.0) | (97.5) |
| Wins uit gewone bedrywighede | 5.7 | 6.7 | 18.3 |
| Finansieringskoste | - | (1.4) | (3.3) |
| Wins voor belasting | 5.7 | 5.3 | 15.0 |
| Belasting | (1.7) | (1.4) | (4.5) |
| Wins na belasting | 4.0 | 3.9 | 10.4 |
| Ekwiteits wins/(verlies) van geassosieërde | 0.9 | 1.0 | 1.8 |
| Buiteaandeelhouersbelang | 0.6 | 0.1 | (0.2) |
| Netto wins vir die tydperk | 5.5 | 5.0 | 12.0 |

**KLK LANDBOU BEPERK**
**REG. NR. 1997/015589/06**
**ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2010**

## GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

| | Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2010 R'm | Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2009 R'm | Geouditeer 12 maande geëindig 28 Februarie 2010 R'm |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | 5.6 | 8.8 | 17.9 |
| Kontantontvangste van kliënte | 576.4 | 530.7 | 1,115.7 |
| Kontant betaal aan verskaffers en werknemers | 568.7 | 519.6 | 1,091.1 |
| Kontant uit/(gebruik in) bedryfsaktiwiteite | 7.7 | 11.1 | 24.5 |
| Rente ontvang | 1.2 | 1.2 | 3.0 |
| Dividende ontvang | - | - | 0.0 |
| Rente betaal | (1.3) | (1.8) | (3.3) |
| Dividende betaal | - | - | (2.2) |
| Belasting betaal | (2.1) | (1.7) | (4.2) |
| **Kontantvloei gebruik in beleggingsaktiwiteite** | (2.3) | - | (5.2) |
| Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting | (3.3) | (0.5) | (6.6) |
| Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | | - | 0.4 |
| Verkoop/(Aankoop) van ander beleggings | 1.0 | 0.5 | 1.0 |
| **Kontantvloei gebruik in finansieringsaktiwiteite** | | | |
| Lenings terugbetaal | (1.9) | (8.3) | (4.9) |
| Toename in kontant en kontantekwivalente | 1.3 | 0.5 | 7.9 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | (6.8) | (14.6) | (14.6) |
| Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk | (5.5) | (14.1) | (6.8) |

## GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

| | Aandele-kapitaal R'm | Aandele-premie R'm | Behoue verdienste R'm | Totaal R'm |
|---|---|---|---|---|
| Saldo op 1 Maart 2009 | 21.5 | 9.0 | 64.9 | 95.4 |
| Netto wins vir die tydperk | - | - | 5.0 | 5.0 |
| Saldo op 31 Augustus 2009 | 21.5 | 9.0 | 69.9 | 100.4 |
| Netto wins vir die tydperk | - | - | 7.1 | 7.1 |
| Dividende | - | - | (2.1) | (2.1) |
| Saldo op 28 Februarie 2010 | 21.5 | 9.0 | 74.9 | 105.4 |
| Netto wins vir die tydperk | - | - | 5.5 | 5.5 |
| Saldo op 31 Augustus 2010 | 21.5 | 9.0 | 80.4 | 110.9 |